

Storie

Die groen rok

Eendag was mnr. en mev. Madiswa in die kombuis besig om ontbyt te maak. Sam was in sy slaapkamer, besig om gereed te maak om skool toe te gaan. Hy trek sy grys kortbroek, wit hemp, grys sokkies en swart skoene aan. Toe stap Zinzi by die slaapkamer in.

Sam sê, "Zinzi, jy kan nie in jou nagklere skool toe gaan nie! Waar is jou skoolrok? Maak gou, anders gaan ons laat wees!"

Zinzi lyk bekommerd. Sy sê, "Sam, ek kan nie my rok kry nie".

Waar is dit? Zinzi en Sam kyk onder die bed.

Waar is dit? Hulle kyk agter die deur.

Maar hulle kry nie die groen rok nie. Arme Zinzi! Sy is so ontsteld dat sy begin huil.

Net toe hoor Zinzi en Sam 'n sagte geluid: "Woef-woef". Die kinders luister fyn. "Wat is dit? Dit klink soos Spot. Waar is hy?" vra Zinzi.

"Sjjjj! Kom ons luister weer." Hulle luister weer versigtig en hoor: "Woef-woef". Sam sê, "Dis Spot! Maar waar is hy?"

Hulle luister weer: "Woef-woef!" Die geluid kom uit die kas. Zinzi hardloop na die kas toe en maak die deur oop.

Daar lê Spot in die kas, bo-op Zinzi se rok! Zinzi tel vir Spot op en gee hom 'n stywe drukkies. Sy is baie bly.

Sam tel Zinzi se groen rok op en skud dit uit, só.

Zinzi trek haar rok vinnig aan. Toe waai hulle vir mev Madiswa, en mnr Madiswa stap saam met hulle skool toe.

Toe hulle by die skool kom, vra die hoof, "Zinzi en Sam, hoekom is julle laat?"

Fluit-fluit, my storie is uit!

Vertel die storie op 'n lewendige wyse om die kinders se aandag te behou. Maak gebruik van gebare en die rekwisiete en vertel die storie in verskillende stemtone. Vra vrae soos: "Kan julle in julle nagklere skool toe kom?" Vra ook: "Kan julle vir die skoolhoof sê hoekom Zinzi en Sam laat is?" Help die kinders om dele van die storie weer te vertel, prys hulle en herhaal selfs die eenvoudigste antwoorde. Byvoorbeeld: "Ja, dis reg. Hulle was laat omdat Zinzi nie haar groen rok kon kry nie. Toe hoor hulle vir Spot blaf en hulle kry hom in die kas. Hy het op die groen rok gelê!"

